




Die Landsdiens Beweging
The Land Service Movement

†Dade nie woordes†
†Deeds not words†



LANDSDIENS NOORD-WES: NUUSBRIEF SEPTEMBER 2017

STREEKKAMP



Hoërskool Streekkamp 2017: 150 Landsdieners en 20 personeel van Noord Wes het Vrydag 30 Junie tot Dinsdag 4 Julie 2017 by Leeuspoor wildreservaat saamgekom vir die jaarlikse streekkamp.

Die program is afgeskop met 'n ysbreker en die 4 spanne (Oranje: grond, Blou: water, Groen: plante en Geel: son) het geleentheid gekry om aan hulle identiteit te bou deur hulle eie name uit te dink, krete uit te werk en banniere te verf. Terselfdetyd moes hulle ook begin om hulle

eie aandete voor te berei deur saam aan 'n potjie te kook.

Die kamp het gefokus op die Magaliesberg biosfeer wat onlangs deur UNESCO gesertifiseer is. Landsdieners het meer van die plantegroei geleer by Naas Grove; skrywer en kenner op die gebied van bome in die Magaliesberge. Phillip Snyman het met behulp van sy lewendige slange op 'n baie indrukwekkende wyse kennis oorgedra.

Hallo aan al die Noord-Wes Landsdieners. Soos julle kan sien het ons nuusbrieff 'n splinternuwe baadjie aangetrek!

In hierdie uitgawe deel ons met julle:

- Streekkamp
- Thin Air Eco Challenge en Japsnoet Kamp
- Oranjerivier Roei
- Mnr/Mej Landsdiens (NW)
- Strokiesprent van Albon en Rungu

Hoop julle geniet hierdie uitgawe terdee.

Elise



Danie Jacobs het ons meer oor die Biosfeer se uniekheid en geologiese vorming geleer deur rotsformasies met lekkergoed te bou.

Anske Barnard het Landsdiens se eie 30 Seconds saamgestel om al hierdie kopkennis op 'n lekker manier te toets. Elke span is ook op 'n veldstap sessie getoets oor dit wat hulle geleer het.

Aktiwiteite soos Vollybal en sokker tussen die spanne elke middag en foto-run het gesorg vir pret en verdere kompetisie.

Leierskap identifisering is gedoen deur eksterne fasiliteerders wat die hindernisbaan, literia uitdagings en reuse kettiebou aangebied het.

Elke oggend is begin deur saamsing en bewuswording wat deur Ds Maartin Strydom aangebied is.



As liefde vir arbeid is herwinning van koeldrankblikkies gedoen. Die vullis is dan omskep in vier kunswerke wat elk een van die liefdes vir Landsdiens uitgebeeld het.

Baie dankie aan Juffrou Thora wat ons met haar kreatiwiteit inspirêer. Ons glo die kunswerke sal nog lank deel van Noordwes Landsdiens se nalatingskap bly.

Aandaktiwiteite het nagmars,

konsernt en The Shack fliëk ingesluit.

Elke aand is daar volgens Landsdiens tradisie gesing en met Cumbaja en Op berge en in dale afgesluit.

Dit was weereens 'n onvergeetlike kamp vol goeie tye saam met nuwe vriende waar ons liefde vir God, natuur en arbeid uitgeleef is.



THIN AIR ECO CHALLENGE EN JAPSNOET KAMPE



Thin Air Eco Challenge (Hoërskole) het plaasgevind op 1-5 April 2017 en Jap Snoet (Laerskole) 28 April tot 1 Mei 2017 .

Ons het 'n normale kampprogram gevolg maar die hoogtepunt was die massa klere wat ons aan die gemeente in Qholaqhoe, net buite Butha Buthe, geskenk het. Die nuwe Maruti was oorstelp van dankbaarheid. Hy sê dat hulle vyf satelliet-gemeentes het, wat hulle sal kan help met ons skenkings, asook nabye skole wat



die skoolklere en skryfbehoeftes nuttig kan aanwend. Dit maak 'n mens nederig om te sien met hoeveel dankbaarheid hulle ons skenkings aanvaar.

Ons projek vir hierdie jaar was gemik daarop om die nuwe gemeente, skool by die kerk,(die kerk het ook 'n klaskamer binne gedurende die week) en die kleuterskool, te help. Die kleuterskool se gebou is nie groter as 3 meter by 4 meter nie, met een houtvenster! Ons het seker gemaak dat die kleuterskool die nodige visuele

Lesotho

hulpmiddels het om optimaal te kan funksioneer- dis die eerste keer dat hul enige hulpmiddels ontvang !

Die leerders was in skottels, slaap op matrasse in die klaskamers en gebruik tradisionele "longdrops"! Die sendingstasie is nie ver van die eertydse koning Moshoshoes se grot (Liphofung) , waarin hy 20 jaar gebly het nie! By besoek aan die erfenis gebied , het die kinders met verwondering vertel hoe die inligting in hul skoolboeke is!

Die leerders en personeel wat die groep vergesel, besef hoe 'n bevoorregte lewe ons hier is Suid-Afrika voer en het groot waardering vir al hul voorregte wat hul vanselfsprekend aanneem!

Dit was weereens 'n voorreg om deel te wees van hierdie projek



ORANJE RIVIER ROEI

Oranjerivier roei toer van Noordwes Landsdiens vertrek Vrydag 31 Maart uit Rustenburg via Potchefstroom en Klerksdorp om almal op te laai. By Kuruman stop ons vir vinning om die oog te besigtig. Aand kamp ons letterlik in rooi kalahari sand en bewonder die sterre. Saterdag besoek ons Bezalel Wyn en brandewyn plaas en leer oor organiese boerdery, verskillende kultivars en die wynmaak proses. Na middag stap ons rond by Augrabies waterval en ry teen skemer 40km sinkplaat grondpad na Karstens Boerdery by Klein Pella. Die mense is ongelooflik gasvry en bederf ons met 'n heerlike aandete. Sondag oggend neem hulle ons op 'n toer op

die plaas waar ons leer oor wingerde en dadelplantasies onder besproeiing. Landsdiens oorhandig spekbome aan Karstens boerdery onder leiding van gr8 Landsdiener Arno Greyling. Ons vertrek na Springbok vir middagete waar oom Martiens ons meer vertel oor Noordkaap toerisme, blomme en geologie. Laaste skof na grenspos by Noordoewer.

Ons kry die aand 'n goeie lesing oor hoe om jou bootjie te pak vir twee persone met alles wat jy nodig het vir vier dae op die water. Maandag oggend vertrek ons weg van alle beskawing.

Wat sê 'n mens oor 4 dae se roei op die Oranjerivier? Geen woorde kan dit beskryf

nie: natuur, stilte, roei frustrasie, uithou, lekker eet, swem, nagte onder die sterrehemel. Beste is: gaan ervaar dit self! Donderdag terug beloon met 'n yskoue coke, heerlike steak braai by Bundi se basiskamp vir ouslaas langs die rivier. Landsdiens oorhandig klere, boeke en skryfbehoeftes aan die mense van Noordoewer en Agenys voordat ons Vrydag vroeg vertrek oor die Visrivier canyon te gaan uitkyk. Vrydag aand geniet ons 'n heerlike afskeidsete en slaap ons vir die eerste keer in kamers op beddens by Duin in die weg. Saterdag 8 April is dit net die lang pad huis toe wat oorbly.



MNR EN MEJ LANDSDIENS: NOORDWES



Noord-Wes Landsdiens het op 18 Augustus 2017 die jaarlikse Mnr en Me Landsdiens kompetisie aangebied. Die kompetisie het plaasgevind by die NG Moedergemeente saal net oorkant Laerskool Rustenburg in Fatima Bhayat Straat.

Aangesien Landsdiens 'n organisasie is wat help om die omgewing skoon te hou is die kompetisie ook hieraan gekoppel. In die eerste rondte het deelnemers in uitrustings gepronk wat uit herwonne materiaal gemaak is.

Die tweede rondte was formele drag gedra. Hierdie geleentheid het ook 'n ete ingesluit.

Die kategorieë was 6 – 9 jaar, 10 – 13 jaar, 14 – 16 jaar en 17+. Daar was baie oulike pryse te wen en die wenners het 'n jaar se Landsdienslidmaatskap gewen.

Die wenners was:
6 – 9 jaar: Arrie Nieman



Dogters_10 – 13 jaar: Janine Boyce (Wenner), Dominique Sinden (2), Zwane Swanepoel
Seuns 10 – 13 jaar: Flynn Lategan (Wenner)
Dogters 14 – 16 jaar: Melisande Heyneke (Wenner), Angel Tawane (2), Karabo Mmetsi (3)
Dogters 17+: Kagiso Molefe (Wenner), Rebone Tsitsi (2)
Katlego Sepheka



